

1 Oktober

Skrifgedeelte: Eksodus 1:1-2:10

Fokusgedeelte: Eksodus 1:15-17

Wees eerder gehoorsaam aan God as aan mense

Wat doen 'n mens as die owerheid iets van jou vereis wat God jou verbied om te doen? Sifra en Pua het opdrag van die Egiptiese koning ontvang om pasgebore Hebreëuse seuntjies dood te maak. Daarteenoor het God moord verbied. Hoe nou gemaak? As hulle die koning gehoorsaam, is hulle ongehoorsaam aan die Groot Koning, die Here. As hulle die Here gehoorsaam, kan hulle dalk doodgemaak word.

Vir hierdie twee gelowige vroue was dit egter nie 'n probleem nie. Hulle het geweet dat hulle eerder aan God gehoorsaam moet wees as aan mense. Daarom lees ons (vs 17): "Maar die vroedvroue het God gedien en nie gemaak soos die Egiptiese koning hulle beveel het nie ...". Die gevolg hiervan was dat God hulle geseën het (vs 20, 21).

Wanneer die regeerders van die wêreld ook meer en meer van ons dinge gaan verwag wat God ons verbied om te doen, vra maar vir jouself: Wie is die eintlike Groot Koning? en gehoorsaam Hom!

Sing: Psalm 59:1, 2

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)